Speelskool en Nasorgsentrum
Playschool and Aftercare Centre

Baie welkom by Divine Kids Speelskool. Dit is 'n voorreg om deel te hê aan u kleuter se opvoeding en versorging, sodat u u dagtaak met gemoedsrus kan voltooi.
Die skool bestaan uit 'n Speelskool en Nasorggedeelte. ***Die nasorg is slegs vir ingeskrewe Divine Kids leerders.***

Aansoekvorm:
Die voorgeskrewe aansoekvorm moet volledig deur die ouer(s) / voog(de) ingevul en onderteken word. **Let asseblief op die onderneming wat u onderteken.** Registrasiefooi van R300 is betaalbaar met die indien van die vorms. Hierdie fooi is eenmalig en is nie terugbetaalbaar nie.

Veranderinge ten opsigte van besonderhede:
Enige veranderinge ten opsigte van persoonlike besonderhede, adres, telefoonnommers of mediese fonds moet so gou as moontlik by die kantoor aangebring word. Dit is baie belangrik dat ons u onmiddellik in kennis kan stel ingeval van siekte of noodgeval.

Nasorg:
Die Nasorg is oop elke dag van die week (uitgesluit publieke vakansiedae). Die skool is 3 weke gesluit gedurende die Desember vakansie. Datums word vroegtydig deurgegee aan ouers.

- Nasorgure is daagliks vanaf 07:00 – 17:30.
- Nasorgkinders skakel vanaf 08:30 – 12:30 in by die program van die Speelskool. Gedurende skoolvakansies skakel die kleuters by die program van die Nasorg in.

Kinders kan soos volg ingeskryf word:
- Halfdag met middagete (07:00 - 12:30)
- Voldag (07:00 – 17:30)

Speelskool:
Die Speelskool is oop elke dag van die week vanaf 08:30 – 12:30, uitgesluit publieke vakansiedae. Gedurende skoolvakansies is die speelskool gesluit, met net die Nasorg wat voortgaan vanaf 07;00 tot 17:30.

Die Speelskool begin stiptelik om 08:30. Probeer om u kleuter net voor 08:30 af te laai en 12:30 by die skool op te laai.

Kinders vanaf 3 maande tot en met 2 jaar word ondersteun in die spesifieke mylpaal wat die kind moet bereik. Vanaf 2 jaar tot 5 jaar volg die kinders 'n uitgewerkte kurrikulum van die "GROW learning company".

Alle kinders moet reeds deur die dag ten volle "ge-potty train" wees om toegelaat te word in die Ladybirdklas (3/4 jarige klas)

Al ons klasse het kringtelevisie en lugversorging in.

Aflaai en oplaai van kleuters:
Die oplaai- en aflaaipunt is die hoofingang in Devine Straat.

Indien iemand anders u kleuter kom haal, reël asb. met die personeel, sodat dit in die boodskapboek aangeteken kan word. Geen kleuter sal aan 'n minderjarige oorhandig word nie, slegs volwassenes. Ons sal dit waardeer indien ouers ons sal laat weet indien u kleuter afwesig sal wees. 'n Addisionele koste van R30-00 sal van ouers verhaal word indien kleuters laat afgehaal word. Hierdie kostes sal by u rekening gevoeg word.

Wat moet hy/sy saambring:
ALLE KLERE, SKOENE, BEDDEGOED, BOTTELS EN ENIGE ANDER ARTIKELS WAT AAN DIE KLEUTER BEHOORT, MOET GEMERK WEES.

Nasorg:
'n Matraslaken en 'n kombersie vir slaapdoeleindes in die middag. 'n Matras word deur die nasorg verskaf. Grootte van die matras: 1 170 X 560cm

Speelskool en nasorg:
Gemaklike, ou klere, wat maar mag vuil word, sodat hul lekker kan speel en beweeg.
'n Tas waarin hy 'n ekstra stel klere het.
'n Ou T-hemp van pa of voorskoot wat hy kan gebruik vir die verfwerk (GEMERK ASB). Die kleuter moet verkieslik self die voorskoot kan aan en uittrek.

- Oggend "snack" vir 9h30

*Sien aanhangsel benodighede

Medikasie:
Indien u kleuter medikasie gebruik, moet dit soggens aan die persoon aan diens oorhandig word vir toediening gedurende die dag.
Moet dit asseblief nie in u kleuter se tas los nie!

U voltooi **self** die medisyne-boek, bv. naam van die kleuter: dosering en toedieningstye.

Onthou asb. om dit weer namiddag by die persoon aan diens af te haal. Verslag i.v.m toediening van medikasie kan ook van die persoon aan diens verkry word.

Siekte:
U word vriendelik versoek om alternatiewe reëlings vir u kind(ers) se versorging te tref indien hulle siek is. **Kinders met 'n hoë koors of aansteeklike siektes mag nie na die skool gebring word nie!** Indien u kind na die siekte terugkeer, moet hy/sy vergesel word met 'n mediese doktersertifikaat ter bevestiging dat hy/sy gesond is en die siekte nie meer aansteeklik is nie. Indien 'n kind gedurende die dag siek word en/of 'n koors ontwikkel, sal ouers in kennis gestel word sodat hulle hom/haar na 'n geneesheer kan neem. Sien asb. die lys van aansteeklike siektes.

Spyskaart:
Die volledige spyskaart sal in die boekies geplak word. Enige voedselallergiëe moet asb. onder ons aandag gebring word.

Eie speelgoed en lekkers:
ASSEBLIEF GEEN EIE SPEELGOED OF LEKKERS NIE, behalwe indien ons 'n spesiale dag beplan, dit veroorsaak onnodige bakleiery. Ons aanvaar geen verantwoordelikheid vir verlore/stukkende speelgoed wat u wel saamstuur nie.

ONS DAGPROGRAM:

Elke klas beskik oor sy eie dagprogram en mag verander om aan die kleuters se behoeftes te voldoen. Daar is ‘n daaglikse rooster in elke klas opgeplak.

MAALTYE:

Ontbyt word bedien vanaf 8h00 tot 8h30.

U is self verantwoordelik vir die oggend versnappering vanaf 9h30 – 10h00.

Middagete word bedien vanaf 11h30 tot 12h00.

Na die middagslapie bedien ons weer ‘n klein versnappering wat sal bestaan uit ‘n broodjie of jogurt en vrugte en iets om te drink.

VERJAARSDAE:

‘n Verjaarsdag is ‘n baie spesiale gebeurtenis in ‘n kind se lewe. U is baie welkom om ‘n partytjie by die skool te hou. Elke klas sal aan die begin van elke jaar ‘n besluit neem rondom geskenke!

TARIEWE: (Betaalbaar oor 12 maande)

U sal elke maand, ongeag siekte, vakansiedae of verlof, dieselfde bedrag betaal. U sal geen rekening ontvang nie en die bedrag sal vooruitbetaalbaar wees aan die **begin** van elke maand**. U sal ook gevra word om ‘n maand vooruit kennis te gee, indien u nie meer van Divine Kids se dienste gebruik wil maak nie. Ouers moet onderneem om geen kennis van onttrekking van enige kinders gedurende Novembermaand te gee nie (ongeag of die kinders terugkeer of Laerskool toe gaan die volgende jaar). Laaste datum waarop kennis van onttrekking dus kan geskied, is op 1 Oktober vir die einde van Oktober. GEEN uitsondering sal op hierdie reel gemaak word nie.**

‘n Administrasiefooi van R 150 is vir **alle** kinders betaalbaar vir die nuwe jaar. Hierdie fooi is nie terugbetaalbaar nie en is ook nie aftrekbaar van enige ander betalings wat gemaak moet word nie.

BANKBESONDERHEDE:

Rekening:	Divine Kids Speelskool
Bank:	ABSA
Takkode:	335010
Rekeningno:	4050400466

U is welkom om enige vrae, voorstelle of versoeke te rig – u insette sal help dat ons die beste moontlike vir u kleuter kan bied.

Ronel Grobbelaar
021 872 8162
divkids@icloud.com

Find us on: facebook

Divine Kids Play School and Aftercare, Paarl

INDIEN U KIND ‘N OORDRAAGBARE SIEKTE HET MOET U KIND BY TERUGKOMS ‘N MEDIESESERTIFIKAAT VAN ‘N DOKTER OF KLINIEKSUSTER TOON.

OORDRAAGBARE SIEKTES

1. Duitse masels
2. Hepatitis A
3. Kinkhoes
4. Luisinfestasie
5. Masels
6. Breinvliesontsteking
7. Pampoentjies
8. Skabies
9. Maagkoors
10. Waterpokkies
11. Witseerkeel
12. Diarree met koors
13. Ooginfeksie / Pink Eyes
14. Mangelontsteking
15. Hand , voet en mond siekte

*Indien u kind ‘n koors van 38.5 en meer gehad het moet u kind 24 uur koorsvry wees voor hy/sy kan terugkom skool toe.



Skoolfonds vanaf 01 Januarie 2021 – 31 Desember 2021

KLEUTERS (1 – 5 Jaar)

5 Dae Voldag	**R 3 400**
5 Dae Halfdag	**R 3 000**
4 Dae Voldag	**R 2 750**
4 Dae Halfdag	**R 2 330**
3 Dae Voldag	**R 2 000**
3 Dae Halfdag	**R 1 800**

BABAS

5 Dae Voldag	**R 3 700**
5 Dae Halfdag	**R 3 100**
4 Dae Voldag	**R 2 900**
4 Dae Halfdag	**R 2 500**
3 Dae Voldag	**R 2 200**
3 Dae Halfdag	**R 2 000**